

MOTIVERING:TOEKENNING VAN DIE F.A.K. SE EREPENNING VIR VOLKSDIENS AAN
DIE STAATSPRESIDENT, MNR. C.R. SWART(Bloemfontein, 5 Desember 1964, 1.45 nm.)Deur Professor H.B. Thom(Voorsitter van die F.A.K.)

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge se Erepenning vir Volksdiens is 'n buitengewoon eksklusiewe eerbewys: sedert die instelling daarvan, byna tien jaar gelede, is dit nog maar drie keer toegeken. Die eerste toekenning het in 1957 op Stellenbosch plaasgevind, en wel aan ons hoog-geëerde, geliefde staatsman en volksman, wyle dr. D.F. Malan.

Ons staan vandag hier by die vierde toekenning. Dit is vir die F.A.K. 'n voorreg en eer om sy erepenning by hierdie geleentheid toe te ken aan 'n besondere figuur uit ons midde, iemand wat baie jare van diens aan ons volk agter die rug het, iemand wat geroepe was tot die geskiedkundige posisie van eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika - Staatspresident Charles Robberts Swart.

Hy is aan almal van ons goed bekend, en dit is dus vir my nie nodig om hier 'n uitvoerige motivering te gee nie. Nietemin doen dit my genoeg om op 'n paar hoofpunte kortliks die aandag te vestig.

Mnr. Swart het 'n lang en aktiewe loopbaan op die staatkundige terrein gehad. Dit het begin toe hy in 1923 lid van die Volksraad geword het; dit het geduur tot 1959 toe hy, as Minister van Justisie, die tuig neergelê het, om

daarna/.....

daarna in 1960 Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika te word.

Hy het hom ook steeds 'n toegewyde, onvermoeide stryder vir die Afrikaner se taal en kultuur getoon. In 1913 reeds was hy sekretaris van die Afrikaanse Studente-Taalvereniging, en organiseerder van Taalfeeste wat op verskillende plekke in Suid-Afrika gehou is. Vir die F.A.K. het hy die besondere betekenis dat hy, in die jaar 1929, een van die stigters van die F.A.K. was: hy was nl. lid van die stigters- en reëlingskomitee, en het aldus op kragdadige en positiewe wyse sy deel bygedra tot die ontstaan van hierdie landswye organisasie wat die erkende kultuurmondstuk van die Afrikanervolk geword het.

Net soos in die geval van die F.A.K., het mnr. Swart ook in verband met die skepping van ander belangrike Afrikaanse kultuurliggame 'n vername aandeel gehad. Hy was een van die stigters van ons bekende, mooi jeugorganisasie, die Voortrekkers, en het van die begin af tot in 1948 in die Vrystaatse Provinsiale bestuur van die Voortrekkerbeweging gedien. Eweneens was hy lid van die stigterskongres van die Afrikaanse Handelsinstituut, en het hy hom ook vir die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner beywer. As kultuurman het hy bowendien aansien verwerf deur 'n hele aantal artikels en boeke ^{te lewes}, wat sy bydrae tot ons letterkundige kultuurbesit verteenwoordig.

Sy lewe van noeste vlyt en volgehoue arbeid het vir mnr. Swart van verskillende kante welverdiende erkenning en waardige hulde gebring. Aan hom is die Ere-Orde van die Voortrekkers en die Erepenning van die Afrikaanse Saamwerkunie van Natal toegeken; en daarbenewens is hy tot Erelid

van/.....

van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en tot lewenslange lid van die F.A.K. benoem. Drie universiteite het ook reeds eregrade in die Regte aan hom toegeken, t.w. die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Rhodes-Universiteit, en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Dit alles getuig van die betekenisvolle aandeel wat mnr. Swart aan die kulturele vooruitgang van die Afrikaner gehad het. Dit vervul ons egter met vreugde om te weet dat hy vandag nie net aan die Afrikaner behoort nie, maar inderdaad aan elkeen - sowel blank as nie-blank - wat Suid-Afrika as sy vaderland ken. Want as Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika het hy ons almal se besit geword, en is hy vandag die simbool van ons staatkundige mondigheid en gemeenskaplike Suid-Afrikaanse nasieskap. In sy persoon - en in sy hoë amp - is hy vir ons die verteenwoordiger van ons strewe na 'n groter, verenigde Suid-Afrika; maar as verteenwoordiger van ons strewe na 'n groter, verenigde Suid-Afrika het hy op sy beurt ook vir ons 'n magtige invloed ter versterking van hierdie strewe geword. Dit is dus omrede van die betekenis wat hy vir die Afrikaner in die besonder gehad het, en tegelyk omrede van die betekenis wat hy vir Suid-Afrika in die algemeen het, dat ons aan hom hulde toebring.

By 'n geleentheid soos hierdie dink ons egter nie net aan ons Staatspresident nie; ons dink ook aan die stille krag wat agter hom staan, aan haar wat vir hom 'n onmisbare steunpilaar in die lewe was, en nog altyd is - ons dink veral ook aan mev. Nellie Swart. Gebore in die midde van ons volk, het ook sy, as Presidentsvrou, vandag die eiendom van die hele Suid-Afrika geword. Getrou aan die

sy/.....

sy van die Staatspresident, het sy deel geword van daardie magtige invloed waardeur 'n groter, verenigde Suid-Afrika nog dag-vir-dag gebou word.

Seer geagte mnr. die Staatspresident en mev. Swart, op hierdie heuglike dag bring ons uit die diepte van ons hart ons innige gelukwense aan u oor. Ons dank u vir alles wat u vir ons beteken het en nog steeds beteken.

Dit is vir my 'n genoeë, mnr. die Staatspresident, om hiermee die F.A.K. se Erepenning vir Volksdiens aan u te oorhandig. Mag dit vir u altyd 'n aandenking aan 'n gelukkige dag wees; en mag dit vir u bowenal tot in lengte van dae 'n tasbare bewys bly van die blywende, innige waardering van 'n dankbare Afrikanerdom.

-----oOo-----